# Industrial Ministry
# Arbeidsbediening

Newsletter I 2023 I Nuusbrief

https://imsacape.christians.co.za I www.biblia.partners




## *A letter from our Chairman*

With this edition of the Industrial Ministry in South Africa (IMSA) newsletter for Western Cape you receive a new format of the IMSA family newsletter. We hope to in future publish the newsletter more frequently throughout the year in electronic format to keep members of the IMSA Family informed about what is happening elsewhere in our region. However, it is our intention to print several hard copies for those people who do not have access to electronic media.

You also receive this newsletter on the brink of a new dispensation for IMSA Western Cape. You are aware of Carin Brink's retirement at the end of November 2022 (see the notice elsewhere in this edition). The IMSA executive used the opportunity for re-imagining the road ahead and to determine what could be expected from the facilitation executive in the IMSA office in executing the vision for the IMSA ministry in the marketplace going forward.

After a long recruitment process Jaco Leeuwner (read his welcoming notice elsewhere in this edition) was appointed in the re-fashioned post of network and relations manager in the Bellville office as from 1 May 2023. Jaco is no stranger to most of the IMSA family. However, the challenges of the re-designed post, as well as the backlog in terms of administration since Carin left, need focused planning and prioritizing at present. The IMSA executive negotiated with Jaco a period of three months to settle in and to lay the foundation for his office.

As the designation of the post indicates, Jaco will in future focus on relationship building and facilitation, as well as the co-ordination of the huge network which constitutes the IMSA ministry on all its levels. Part of the restructuring of the post is to also integrate the responsibilities Jaco has as coordinator for Biblia Cape Region and as facilitator of the IMPAK Local Action Committee. All of this will eventually determine the profile of Jaco's functions.

An important aspect of the strategic process going forward for IMSA Western Cape is to determine how we as family can pool the available capacity and skills within our network to grow and strengthen our communal ministry in God's kingdom. We need each other to develop ministry strategies and to build effective local ministries where we are located.



The IMSA executive sees this as a process that can take IMSA Western Cape at least two years to reach a point where we have a clearer view on what God is doing in and with this ministry. We are all part of this process. I hope everyone will participate with enthusiasm and the expectation that God is doing a new thing amongst us.

In all this the communications desk facilitated by Mariëtte Odendaal will play an important role in keeping all informed and on the same page.

Let us move together into the future with God who called us for ministry in the marketplace.

Dr Eddie Orsmond: eddieo@sun.ac.za

# Ons groet Carin Brink



Ons het in November 2022 van Carin Brink, bestuurder van Arbeidsbediening Kaapstreek, afskeid geneem.

Nadat sy 'n aanbod vir 'n geleentheid in die maatskaplike werksektor ontvang het, het sy op vervroegde aftrede gegaan. Sy is destyds as maatskaplike werker opgelei en het dit as loopbaan beoefen voordat sy by Arbeidsbediening Kaapstreek aangestel is.

Sy was vir 16 jaar by Arbeidsbediening werksaam en het voorheen vir amper net so lank by Badisa gewerk.

Carin was bereid om tot einde-Mei vanjaar per kontrak met Arbeidsbediening se administratiewe sake te help totdat haar opvolger, Jaco Leeuwner, die leisels by haar kon oorneem – iets waaroor ons baie dankbaar is.

Ons wens haar alle sterkte en sukses toe.



# Ons verwelkom Jaco Leeuwner

Jaco Leeuwner, wat jarelange ondervinding in die verskeie velde van Arbeidsbediening het en ook die koördineerder van Biblia Kaapstreek is, is vanaf 1 Mei 2023 aangestel as Arbeidsbediening Kaapstreek se netwerk- en verhoudingsbestuurder.

Ons verwelkom Jaco in hierdie pos met die nuwe naam en sien baie daarna uit om saam te droom, te dink, te beplan en te implementeer.

Intussen sal Jaco met die Plaaslike Aksiekomitees (PAKs) in sy nuwe hoedanigheid kommunikeer. Dankie vir almal se meelewing en samewerking in hierdie verband. Jaco sal die persoon wees wat die koördinering en fasilitering van die breë netwerk en omvattende verhoudinge waaruit Arbeidsbediening Kaapstreek bestaan, vanuit die fasiliteringskantoor bymekaarhou.

Baie welkom, Jaco en 'n hartlike uitnodiging aan almal in die span om met Jaco kontak te maak as daar behoeftes is wat aandag vra.

Jaco kan gekontak word by +27 71 255 8977 of cape@imsa.partners

# New Chairman for Biblia



Rev. Mauritius Pienaar was appointed as the new chairman for Biblia Cape Region as well as Biblia National in April and November 2022 respectively.

This made him the fourth chairman of Biblia National since Biblia's official launch at Cape Town on 9 June 1977. The first chairman was Rev. Riaan Prins (DRC Groote Kerk Cape Town), the second one was Dr Pieter Bingle (Reformed Church Cape Town) and the third chairman was Rev. Rodney van Wyk (Reformed Church Grassy Park).

The roots of the ministry pre-1977 go back to 1942. Rev. Pienaar's commitment and call to the ministry is well known in the Biblia-family. He is the co-founder of Biblia Durban which started in 1993 representing South Africa's largest import/export port to this day.

He served as reverend for 35 years at the DRC Suidkus Congregation in Amanzimtoti (Durban) and moved to Gans Bay on the coast near Hermanus after his retirement.

"It is a privilege for me to continue serving God in this capacity," he says. "The work of our port welfare officers (chaplains) come with great sacrifice, endurance and commitment as they serve one of the most demanding industries in the world … They minister to seafarers and fishers who work long and lonely hours at sea with low remuneration and are often exposed to human trafficking and evil cartels exploiting them to the cost of profit margins. Please join me and the team as we continue with this outreach now in its 81st year."

For more information, please contact Rev. Mauritius Pienaar at: +27 82 468 8780.
Website: www.biblia.partners.

# Our DATABASE of RESOURCES

***Take notice:***

*Johan Crous of IMSA Wellington has created a database of relevant resources regarding the following topics that can be of great value to your ministry:*

- ADVERSITY IN THE WORKPLACE
- BALANCE BETWEEN FAMILY AND WORK
- BIBLICAL PERSPECTIVE
- CALLING
- CHRISTIAN / GODLY BUSINESS
- CHURCH AND WORK
- GRATEFUL FOR YOUR WORK
- JOB SATISFACTION
- LEADERSHIP
- PARTNERSHIPS IN THE WORKPLACE
- RELATIONSHIPS IN THE WORKPLACE
- TRANSFORMATION IN THE WORKPLACE
- THE CHRISTIAN CHARACTER
- UNEMPLOYMENT
- WHAT IS WORK?
- WITNESS IN THE WORKPLACE

These topics can be found at: Resources – IMSA Cape (christians.co.za)

# Straatbediening, Oudtshoorn word met ywer ontvang



André van Staden by drie munisipaliteitswerkers, naamlik (v.l.n.r.) Sannie September, Marinda Everts en Mhlebe Umfunu wat deur Oudtshoorn se Straatbediening bereik word.

"Dit is vir my 'n groot en opwindende avontuur!" sê André van Staden, geestelike werker van Arbeidsbediening Oudtshoorn. "Ons bedien ongeveer 80 besoekpunte per maand en kry elke maand nog nuwe besoekpunte by. Een daarvan is ons straatbediening wat in November verlede jaar met erns begin het."

Arbeidsbediening Oudtshoorn het nou ook 'n Suid-Afrikaanse Polisielid (SAP) as deel van hul span van 13 vrywilligers. Haar naam is Beula Diedericks en sy doen haar eie uitreike op straat. "Ek sien sommer hier is groot dinge wat gaan gebeur!" sê André.

"Met ons straatbediening fokus ons op al die mense wat vir die plaaslike regering (munisipaliteit) werk en besoek hulle verkieslik vroeg soggens of na vyf in die middae. Alhoewel hulle almal baie positief op ons bediening reageer, is dit moeilik om tans die impak daarvan op die werkers te bepaal.

"Die groot voordeel van ons straatbediening is dat niemand ooit regtig voorheen ons munisipale werkers bedank het vir die onontbeerlike werk wat hulle doen nie – en nou hoor hulle dit gereeld by ons as ons hulle geestelik bedien. Buiten hierdie waardering wat ons gereeld teenoor hulle uitspreek, voel hulle ook nou meer deel van die dorp se werksmag. Die munisipaliteitswerkers wat in verskillende sektore van die dorp werk, beloop in totaal ongeveer 500 mense.

"Alhoewel baie van hulle hul eie Bybels het, is daar steeds 'n behoefte aan Bybels en geestelike literatuur. Elke keer as ons van hulle af wegry, is daar die oorweldigende besef dat hulle baie dankbaar is vir alles wat ons met hulle deel; dit maak 'n mens eintlik skaam, want ons wil eintlik soveel meer doen," sê André.

"Dis 'n baie bevredigende bediening om soos Jesus tussen die mense te bedien en te hoor van die uitdagings in hul lewens en daarvoor te bid."

Kontak André van Staden by wes1@telkomsa.net vir meer inligting.






# Fruitful Partnerships in Kalk Bay

Biblia Kalk Bay, the Bible Institute of South Africa (also in Kalk Bay) and the shelter at the back of Biblia, have formed a very fruitful partnership over the years.

The shelter was previously an old railway house next to the railways. Many of these shelter people often visit the Biblia kiosk for short visits, advise and prayers. Many of them also attend the Kalk Bay Community Church where Marvin Petersen, Port Welfare Officer of Biblia Kalk Bay, is also the pastor – the ideal to form an effective partnership between all these stakeholders.

As a result the Bible Institute students assist Pastor Marvin and Elder Brett on a weekly basis with Bible study as part of their practical work. There is a growing number of shelter clients that attend, and wonderful discipleship relationships are formed. It is heart-warming to see that more than ten Bibles were distributed since June.

"A number of the people that attend the Thursday Bible study also joined other Bible studies we have in the week," says Pastor Marvin. "This has emphasized the huge desire they have, to know the Lord and to experience the fellowship of other believers. We praise the Lord for working in the hearts of these broken and seeking believers living in the shelter.

"Please pray for accommodation and work opportunities for these special people."

If you would like more information about this ministry opportunity, please contact Biblia Cape Region's coordinator, Jaco Leeuwner at +27 71 255 8977 (WhatsApp) or email him at contact@biblia.partners.

Read more about Biblia at www.biblia.partners.

# IMPAK
# Bemagtiging van Kinderversorgers




Impak binne die Kaapse Metropool, se kreatiewe bedieningsaanslag skep 'n lekker vars manier waardeur Bybelse beginsels en boodskappies oorgedra word. Dit sluit in storievertelling, persoonlike getuienisse, uitreik na gestremdes, musiek, beradingstegnieke soos emosionele intelligensie, elektroniese media, bid-beertjies, ouerbegeleiding, ens.

Kinderversorgers van SA Kinderhuis in Gardens, Kaapstad, saam met hul bestuurder, was byvoorbeeld baie opgewonde oor so 'n diens aan hulle. Dit was spesifiek gefokus op Immergroen Ouerskap se ouerbegeleiding en deur Sandra Leeuwner aangebied. Op hierdie manier is vrouewerknemers van die kinderhuis nie net alleen toegerus ten opsigte van hul werksplek nie, maar ook as moeders in die grootmaak van hul eie kinders. Begeleiding het bestaan uit verskeie kreatiewe groepsessies met versorgers en 'n volgehoue pastorale diens na die tyd soos en wanneer hulle dit benodig.

Kontak Jaco of Sandra Leeuwner by contact@impakhybrid.com indien u meer van Impak wil weet en kom reik gerus saam uit.




## Rest in Peace

# TED COULSON

It is with great sadness that we say goodbye to Uncle Ted who went to be with the Lord.

Ted and his wife, Barbara, assisted Impak's e-ministry project during the lockdown periods of Covid-19 to read and record CBMC's weekly devotions for broadcast purposes (CBMC - Christian Businessmen Connection). They are members of the Cape Peninsula Reformed Church (CPRC).

Rev. Arion Naidoo referred them to us when we were looking for someone to assist Impak. Ted and Barbara are with many others, the initial networkers who set the stage for the project today. The e-ministry serves thousands of people across our network of churches, humanitarian organizations, and businesses.

You are in our memories Uncle Ted. May the Lord comfort you Aunt Barbara, family, friends and CPRC during this time.

Jaco Leeuwner and the Impak Team

# George span *Think Tank* in om nuut te dink




"Dit is die beste ding wat nog met my gebeur het!" en "Kolskoot!" is maar van die enkele getuienisse van mense wat onlangs IMSA Nasionaal se Think Tank-werkswinkel op George bygewoon het.

Gedurende Maart tot April vanjaar het Arbeidsbediening Tuinroete op George vyf opeenvolgende Think Tank-sessies vir hul bestuurspan aangebied. Dit is deur agt persone bygewoon en deur ds Floors Meyer gefasiliteer.

"Die doel van die werkswinkel was om vir ons bestuurspan die geleentheid te bied om die kundigheid en vaardigheid te kon bekom wat hulle in staat sou stel om die outentiekheid van ons bediening te evalueer, die relevansie daarvan vir die moderne markplek te analiseer en bemarkingsgeleenthede vir ons bediening te identifiseer," verduidelik Floors.

As mens vir Floors vra wat die inhoud van die Think Tank-program alles behels, antwoord hy: "Dit bestaan uit vier modules. Module 1 handel oor ons roeping en evaluering van die drie fasette van ons bediening, naamlik wat ons visie is, wie ons vennote is en hoe ons kliënte is, met ander woorde hoe ons hulle algemeenste karaktertrekke sal beskryf.

"Module 2 handel na aanleiding van Mattheus 28:18 oor die vraag, Wie is ons Opdraggewer? Dit fokus dus op die rol wat die gemeente daarin speel en die plek wat die ekumeniese kerk behoort in te neem," verduidelik Floors.

"Module 3 gee toeligting oor die projek-indeks wat Nehemia tydens die herbou van die mure van Jerusalem opgestel het, asook oor die implementeringsproses wat hy gevolg het. 'n Projek-indeks is die logiese opeenvolgende stappe wat geneem moet word ten einde die sukses van 'n projek te verseker.

"Module 4 begelei die deelnemers aan die werkswinkel om stap vir stap hul eie bedieningstrategie te ontwikkel en op 'n Ministry Deployment Canvas grafies voor te stel. Die doel van die canvas is om die bestuur van die bediening te vergemaklik en met een oogopslag vir ons kliënte die bediening te verduidelik."

Die Think Tank-program is só ontwikkel dat die fasiliteerder nie 'n lesing hoef te lewer nie, maar aan die hand van rigtinggewende vrae die deelnemers kan begelei om self die kernpunte van die verskillende modules te ontdek en sodoende die inhoud in hulle eie denke te integreer.

Die Think Tank-werkswinkel is 'n groot bate omdat dit vir persone of organisasies in 'n beter posisie stel om hul bediening te herevalueer en te herontwerp na die eise van die post-pandemie-era waarmee ons almal nou gekonfronteer word.

Kontak ds Floors Meyer by floors@mweb.co.za vir meer inligting.





# Biblia Cape Town, a team on a Mission

Port welfare officers (chaplains), Robert Wileman (right) and Collins Bomali (middle) on the photo is a team with a purpose no matter how strong the Cape Town south-easter is blowing! The Cape of Storms simply do not keep these two men away from their call to serve visiting seafarers with the Gospel.

Collins completed his training earlier this year under the experienced hand of one of Biblia South Africa's longest serving chaplains, Robert Wileman.

Robert, previously a bookkeeper, joined Biblia Cape Town in November 1982 and has been serving the port faithfully ever since. After "retirement", he continued to visit the port on a weekly basis and was approached by Jaco Leeuwner in 2020 to assist Biblia again in the port after a vacancy occurred.

Robert and Collins continue to collaborate their visits to ships while Collins covers the larger industrial area inside the port as well.

If you would like more information about this ministry opportunity, please contact Biblia Cape Region's coordinator, Jaco Leeuwner at +27 71 255 8977 (WhatsApp) or email him at contact@biblia.partners.

Read more about Biblia at www.biblia.partners.





# Op-en-wakker Arbeidsbediening in Vredenburg

“My name is Andreas Julie and I work at Transnet Engineering Wheel Business Saldanha, for 17 years now. So, when I started to work at this company, I was influenced by this prayer sessions every month which help me and my co-workers a lot – mentally, and spiritually. It helps us throughout our working days.”

Nog iemand anders vertel: “After we have our prayer sessions about the topics which Pastor Philander usually gave us to think about, we discuss it as a team afterwards.”

Pastoor Joseph Philander is die geestelike werker van Arbeidsbediening aan die Weskus in Vredenburg wat deur vier vrywilligers bygestaan word. Hulle is Tilana Steyn, Landa Bester, Reynier Noland en Kobus van Schalkwyk. Hierdie op-en-wakker span bedien in totaal ‘n verstommende 28 Tansnet-departemente en 22 nywerheidsbedieningspunte een keer per maand! Daarvan word die Provinsiale Hospitaal en Polisie een keer per week besoek.

Volgens pastoor Philander het dit maar swaar gegaan met die bediening tydens die pandemie; baie mense het hul werk verloor, vele besighede het tot stilstand gekom en dit alles het ‘n groot effek op die dorp se ekonomie gehad. Intussen het besighede weer momentum begin optel en Arbeidsbediening kon ook weer op dreef kon kom met hul bediening.

“Die besoeke bestaan uit ‘n kort 10 minute Skrifbediening en bemoedigingsboodskap en geleentheid daarna vir individue wat verdere geestelike gesprekke wil voer en hulp nodig het,” vertel pastoor Philander.

Kontak Past. Philander by josephphilander@yahoo.com vir meer inligting.



# Biblia Saldanha at South Africa's deepest Port




Port welfare officer (chaplain) Gert Tredoux has a long and rich history when it comes to serving with Biblia at this port.

Being a fisherman for many years, he felt the calling to serve these men and women at sea differently. God directed Gert to Biblia in February 2007.

Since then, "the tall man became well-known among visiting seafarers," according to a seafarer who recently sent word to the port authorities that he would like to speak to Gert. This is after he visited Saldanha seven years ago on a ship. Gert made such an impact on his life while sharing the Gospel, that he remembered him on his return to the port.

As Gert is nearing his retirement stage, we are still privileged to work in collaboration with this long-serving servant of the seafaring world.

If you would like more information about this ministry opportunity, please contact Biblia Cape Region's coordinator, Jaco Leeuwner at +27 71 255 8977 (WhatsApp) or email him at contact@biblia.partners.

Read more about Biblia at www.biblia.partners.






***Die voorsitter van Arbeidsbediening Helderberg, Buks du Toit (links) en geestelike werker, At Kampman (regs) by hul kantoor in die Strand se ingang.***

# Arbeidsbediening Helderberg tot groot seën vir ALMAL

"Dis wat in die praktyk gebeur as 'n mens met 'n oop hart, 'n oop gemoed en opregte toewyding getuig oor wat die Here vir jou gedoen het en ook vir ander mense kan doen," sê At Kampman, geestelike werker van Arbeidsbediening Helderberg in die Strand. "Op hierdie manier kry die Here die eer wat Hom toekom." At praat hier van die effek wat hul bediening dikwels op van die talle besighede wat deur hul 35 vrywilligers bedien word, het.

Hy deel met ons die volgende storie: "Danksy een van ons Helderberg-tak se geestelike werkers, is daar oor baie jare 'n goeie vertrouensverhouding met een van die besighede, Palm Tyre Service, opgebou.
"Dit het mettertyd so verstewig, dat Palm Tyre Service later by die ingang van hul ontvangslokaal 'n kennisgewingbord laat aanbring het oor die dienste wat Arbeidsbediening aan mense en besighede kan bied. Met hierdie gebaar het hulle hul verbintenis met Arbeidsbediening en die beginsels waarvoor Arbeidsbediening staan, bevestig; iets wat baie vir ons tak in Helderberg beteken.

"En dit is nie al nie – aan elke kliënt wat diens van Palm Tyre Service ontvang, word 'n kaartjie met Joh 14:6 as kompliment gegee: I am the way, the truth and the Life; no one comes unto the Father, but by me." (Sien foto hieronder.)

Mag hierdie getuienis vir jou ook inspireer om te besef hoeveel mense in geestelike nood is en kan baat vind by jou opregte toewyding as navolger van Christus, veral in jou plek van werk.

Kontak At Kampman by arbeid.helderberg@gmail.com vir meer inligting.






# Biblia Hout Bay says "goodbye" to Sandra Leeuwner



***Fltr: Geralda Phillips, Sandra Leeuwner, Donita and Pastor Sidney Phillips***

Sandra Leeuwner's service as port welfare officer (chaplain) at Hout Bay Harbour officially ended in February 2023 after she accepted a position at another IMSA Cape Region ministry, Impak.

This made room at Biblia Cape Region to move Collins Bomali from Impak to Biblia Cape Town who had a vacancy for a port welfare officer and a higher ministry demand to seafarers sailing on commercial vessels.


Sandra will be remembered for her warm personality, smile and faithful service in one of South Africa's most difficult fishing harbours. She built up good relationships over the years with port authorities and individuals as an ambassador for the Fruit of the Spirit.

Pastor Sidney Phillips and his wife Donita, Geralda Phillips and Rev. Hendrik Saayman with his wife Juritah from Biblia Hout Bay's anchor church, continue to be associated networkers of Biblia.

An invitation is extended to people who feel called to come and serve alongside the team in Hout Bay.

If you would like more information about this ministry opportunity, please contact Biblia Cape Region's coordinator, Jaco Leeuwner at +27 71 255 8977 (WhatsApp) or email him at contact@biblia.partners.

Read more about Biblia at www.biblia.partners.



# Vriende van Arbeidsbediening Mosselbaai




Vriende is daardie mense wat jou wa deur die drif help trek in moeilike tye, of wat jou aanmoedig langs die kantlyn as jy met 'n marathon besig is en jou kragte maar min is. Hulle is ook die mense wat saam met jou bly is oor jou oorwinnings en suksesverhale.

Arbeidsbediening Mosselbaai is een van ons baie gelukkige takke wat al jarelank bankvas deur hul "Vriende van Arbeidsbediening"-groep ondersteun word.

Op Donderdag 16 Februarie het Arbeidsbediening Mosselbaai hul jaarlikse funksie ten bate van hierdie groep vriende gehou (foto). Dit word jaarliks aangebied om aan hierdie groep predikante, pastore, sakemense en vriende van Arbeidsbediening hul dank te betuig vir hul ondersteuning, positiewe gesindheid en aanmoediging waarsonder hierdie kosbare Arbeidsbedieningswerk beswaarlik gedoen sou kon word.

Die funksie is deur tussen sewentig en tagtig mense bygewoon - iets wat vir Arbeidsbediening Mosselbaai elke jaar 'n riem onder die hart is. Hierdie besondere verhouding het ook nie oornag ontstaan nie, maar is oor baie jare van wedersydse moeite met mekaar opgebou.

Die geleentheid is gelei deur die Arbeidsbedieningsvoorsitter, Blackie Swart. Bestuurslid, Hensie Engelbrecht, het almal welkom geheet, een van die *hulpwerkers, Johan Pretorius, het die opening waargeneem en die samesang is gelei deur Annette Strydom en Yolandé Kotze.

Die gasspreker van die aand was Hein Marx, wat gepraat het oor Christenskap en leierskap. Daarna het Johan Fourie, leier van die Geestelike Werkerskomitee van Arbeidsbediening, terugvoer gegee. Hierdie komitee bestaan uit kundige mense wat elke tweede maand vergader met die doel om strategieë te beplan sodat Arbeidsbediening nog beter kan funksioneer.

Een van die hulpwerkers, Elsabé Louw, het 'n getuienis gelewer oor haar ervaring by Arbeidsbediening; oor hoe sy 'n afgedwaalde persoon na die Here gelei het. Aangesien dit een van die hoofredes is waarom Arbeidsbediening bestaan, het dit die mense diep aangegryp.

Nog 'n hulpwerker, Johan Boshoff, het terugvoer gegee oor sy gevangenisbediening. Hy besoek ook plase in die hele Mosselbaai munisipale area en lewer Christelike boodskappe met groot sukses.



Arbeidsbediening Mosselbaai se voltydse geestelike werker, Pierre Lamprecht, het daarna terugvoer gegee oor Arbeidsbediening se werksaamhede in die geheel; iets wat altyd 'n groot hoogtepunt tydens hierdie funksies is.

Alle eer aan ons Hemelse Vader wat dit 'n mooi geleentheid gemaak het.

Kontak Blackie Swart by gerhard@thegreenestoffice.com vir meer inligting.

* 'n Hulpwerker is iemand wat boodskappe in die werksplek bring.

# Verrykende Akkreditasie-opleiding te Worcester

"IMSA (Arbeidsbediening) se akkreditasie-opleiding was baie leersaam, insiggewend en verrykend; die geleentheid vir interaksie was gepas." So getuig een van die deelnemers aan 'n onlangse IMSA-werkswinkel.

Op Saterdag 15 April is 'n akkreditasiewerkswinkel vir die bestuurskomitee en geestelike werkers van Arbeidsbediening te Worcester aangebied. Ds Floors Meyer was die fasiliteerder van die program.

Tydens die werkswinkel is daar tien persone opgelei. Dit het bestaan uit bestuurskomiteelede en dienswerkers van die Plaaslike Aksiekomitee (PAK). Wat hierdie werkswinkel merkwaardig gemaak het, was dat daar ook twee gehoorgestremdes in die groep was. Daar is dus van 'n gebaretaaltolk gebruik maak ten einde die inhoud van die werkswinkel vir hulle toeganklik te help maak.

"Die motivering vir die akkreditasiewerkswinkel was omdat daar tydens IMSA se Algemene Jaarvergadering in 2018 'n resolusie aanvaar is dat IMSA moeite sal doen om ons geestelike werkers op te lei en toe te rus vir hulle dienswerk in die markplek," vertel Floors, "veral in die lig van die feit dat die regering beplan om maatreëls in te stel waarmee die werksaamhede van godsdienstige organisasies gekontroleer moet kan word.

"Ons gebruik die woord, *akkreditasie*, met die doel om geloofwaardigheid aan ons geestelike werkers toe te ken," verduidelik Floors, "met ander woorde organisasies wat van ons IMSA-bediening gebruik maak, kan verseker wees van 'n IMSA-geakkrediteerde dienswerker."

Die IMSA-akkreditasieprogram bestaan uit vier fasette, naamlik:

- 'n **Induksie-module** wat die geskiedenis, struktuur en organisasie, teologie, filosofie en bedieningspraktyk van Arbeidsbediening toelig;
- die bestudering van die **Riglyne vir Geestelike Werkers** en ondertekening daarvan as toewyding (*commitment*) aan die handelsmerk (*brand*);
- die aanbieding van die Luke 10 Transformation (L10T)-program as 'n praktiese werkbare model vir evangelisasie in die markplek;
- die oorhandiging van 'n **Sertifikaat van Bywoning en 'n ID-plaatjie** wat hulle as geestelike werkers behoorlik identifiseer.

Volgens Floors baat hierdie akkreditasie-opleiding IMSA-dienswerkers as volg: "Die werkswinkel help die deelnemers om die nodige kundigheid en vaardigheid vir hul bediening in die moderne markplek te bekom. Boonop kan hulle met vrymoedigheid en selfvertroue instansies nader met hierdie IMSA-bedieningsaanbod, aangesien hulle deur 'n opleidings- en goedkeuringsproses gegaan het."

Kontak ds Floors Meyer by floors@mweb.co.za vir meer inligting.



Ds Floors Meyer besig met IMSA-akkreditasieopleiding te Worcester.

# Biblia Mossel Bay seeking to Network



Mossel Bay is a unique seafaring port that offers a service to both the commercial shipping industry and the local fishing industry.

While bigger tankers and passenger ships need to be on anchor outside at sea, the harbour accommodates small fishing vessels as well as yachts.

Biblia has been prominent at the harbour since 1990 with the last two port welfare officers (chaplains) being Danie Bruwer and Rev. Patrick Gcaza who followed him up.

A vacancy occurred when Rev. Gcaza left Mossel Bay followed by the difficult Covid-19 lockdown period. An invitation is extended to people who feel called to serve the seafaring community in Mossel Bay.

If you would like more information about this ministry opportunity, please contact Biblia Cape Region's coordinator, Jaco Leeuwner at +27 71 255 8977 (WhatsApp) or email him at contact@biblia.partners.

Read more about Biblia at www.biblia.partners.

# Die Here is getrou ...



Johan Crous is al jare lank in diens van die NG Kerk Wellington-Noord en is ook die geestelike bedienaar van Arbeidsbediening in Wellington.

Hy vertel dat mense dikwels aan hom die volgende vra: "As ek deur 'n moeilike tyd gaan, gaan die Here daar vir my wees? Is die Here werklik getrou? Sal Hy my nie in die steek laat nie?"

Verlede maand was Johan se boodskap by een van die besighede op hul dorp wat hy bedien die 'Vrug van vreugde'. Na die tyd het 'n besigheidseienaar na hom toe gekom en vertel hoe hy sy vreugde verloor het. Dit het die een oomblik nog goed met die besigheid gegaan en die volgende oomblik was daar nie werk nie. Die verantwoordelikheid van die besigheid en die omstandighede het sy vreugde gesteel.

Johan vertel: "Verlede week stuur ek vir hom 'n boodskap om Maandagoggend se boodskap te bevestig. Sy antwoord daarop was: 'Daar is steeds geen werk nie, maar hopenlik sal ons Maandag hoor van werk.'

"Maandagoggend stuur ek vir hom 'n boodskap met Jesaja 41:10 Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas ...


"Maandagmiddag stuur hy vir my 'n boodskap: 'Ons het 'n baie suksesvolle vergadering met 'n kliënt gehad en 'n baie groot kontrak gekry. Die Here is getrou.'



"Mag hierdie getuienisstorie ons altyd laat onthou dat God ons nooit in die steek sal laat nie."

Johan is ook betrokke by ander uitreikbedieninge, soos die bediening aan gevangenes en 'n hulp vir die leraar in sy gemeente.

Kontak Johan Crous by crousjm@telkomsa.net vir meer inligting.



# Oom Ben gee die stokkie aan

"Ek kan nog baie goed onthou wanneer ek met Arbeidsbediening begin het," sê oom Ben de Goede, een van die Paarl se vrywillige geestelike werkers wat al sedert 1995 getrou hierdie waardevolle werk doen. "Dit was die jaar toe die Springbokke die Wêreldbeker gewen het."

Hubert Loubser, voorsitter van die Plaaslike Aksiekomitee in die Paarl, vertel: "Oom Ben se eerste biduur het hy gehou by Fabrinox. Dit is as 'n 'vreugdebiduur' aangebied. Oom Ben het ook by verskeie ander maatskappye deur die jare bedien."

Hubert wou by hom uitvind hoe hy Arbeidsbediening benader en wat hy in gedagte hou as hy 'n biduur aanbied. Daarop het oom Ben as volg geantwoord: "Dit was altyd vir my belangrik dat ek self oortuig moes wees van die boodskap in my eie lewe voordat ek dit kon aanbied aan ander mense in die werksplek.

"Dit was ook vir my belangrik om die boodskap aktueel te hou ten opsigte van wat rondom ons gebeur. Ek het soms selfs my boodskap op pad na die biduur aangepas as ek iets belangriks op die radio gehoor het.

"Deur die jare raak 'n mens geheg aan die mense by die verskillende maatskappye en hulle begin jou vertrou. Ek moes al 'n paar keer gaan om berading aan mense te gee. Die pandemie het 'n massiewe invloed op Arbeidsbediening gehad – juis in 'n tyd toe die behoefte aan bidure baie groot was – ek moes kreatiewe planne beraam om die mense te bly bedien in daardie moeilike tyd."

Oom Ben was ook vir 'n hele aantal jare voorsitter van Arbeidsbediening in die Paarl. Hy tree nou af en hy en sy vrou, Ria, sal dan na Durbanville verhuis. Oom Ben sê: "Dit is tyd om die Arbeidsbedieningstokkie aan te gee."

Ons is baie dankbaar vir oom Ben se bediening in die Paarl en sal hom baie mis. Ons wens vir hom en Ria 'n rustige aftrede toe.

Kontak Hubert Loubser by hubert.loubser@outlook.com vir meer inligting.

# Netwerk- en Verhoudingsgeleenthede
# *Network and Relationship Opportunities*

Arbeidsbediening, waarvan Biblia deel is, bied verskeie geleenthede om betrokke te raak by projekte:

- Bid vir 'n spesifieke projek;
- Help ons om 'n spesfieke projek te bemark;
- Reik uit saam met 'n projekspan;
- Sluit aan as vrywilliger by 'n projek;
- Help 'n projek met finansies;
- Help 'n projek met ander hulpbronne.

Vir meer inligting, kontak die onderskeie persone by elke artikel of ons netwerk- en verhoudingsbestuurder, Jaco Leeuwner, by +27 71 255 8977 of e-pos: cape@imsa.partner.

## ARBEIDSBEDIENING / IMSA
## Direkte inbetalings / Direct deposits:

| | |
|---|---|
| Naam I Name | ARBEIDSBEDIENING |
| Bank I Bank | Nedbank |
| Rek. nr. I Acc. nr. | 1135 900 353 |
| Takkode I Branchcode | 198 765 |
| Verwysing I Referance: | U voorletters en van / Your initials and surname |

## BIBLIA
## Direkte inbetalings / Direct deposits

| | |
|---|---|
| **Naam I Name** | **EVANGELIE AAN DIE SEELUI** |
| **Bank I Bank** | **Nedbank** |
| **Rek. nr. I Acc nr** | **1135 899 886** |
| **Takkode I Branch code** | **198 765** |
| **Verwysing I Reference** | **U voorletters en van I Your initials and surname** |

*Our sincere thanks to each and every one of you who support us.*